

# BMSSK Kopskoot Kompetisie

## Reëls

### 1. Inleiding

Baie van die BMSSK lede is ook lid van 'n jagtervereniging of ander sportskiet verenigings wat nie aktief aan silhoeëtskiet deelneem nie. Verder het die klub ook ooreenkomste met die jagtersverenigings vir die gebruik van die fasiliteite van die klub. Aangesien 'n deel van die klub se inkomste ook uit hierdie geledere kom is daar besluit om 'n kompetisie te loods waar pryse op die spel is waarmee die silhoeët en die nie-silhoeët skuts hulle kan vereenselwig.

Die kompetisie word dan ook beplan om 'n spektrum vuurwapens te akkommodeer.

### 2. Formaat

Papierteikens met silhoeëtteikens waarop telling sones aangebring is sal gebruik word waarvan die hoogste tellingsone 10 punte sal verteenwoordig en die laagste raaskoot 5 punte. As die dier heeltemal gemis word sal dit as 'n nul getel word. Drie skote per sarsie sal die telling van die skuts bepaal. Gelykop tellings vir die posisies waarvoor pryse toegeken word sal deur 'n uitskiet op dieselfde teikens opgelos word. **'n Raaskoot word gedefinieer as enige skoot wat ten volle binne die lyne van die teiken is. As dit 'n lyn sny word die laagste telling geneem. Dus as die buitelyne van die teiken geraak word is die telling nul**

Die geweeskuts sal uit die sithouding (op 'n stoel of bankie) oor hul elmboë vanaf 'n skiettafel skiet. Geen ander deel van die arms of hande behalwe die elmboë mag in aanraking met die tafel wees nie. Daar mag ook nie van ander hulpmiddels soos sandsakke, geweesakke, stutte ensovoors gebruik gemaak word nie. Elmboogskutte en geweerbande mag wel gebruik word.

Handwapens kan uit dieselfde posisie as gewere of staanposisie of creedmore posisie geskiet word.

### 3. Inskrywings

Die inskrywingsgelde soos van tyd tot tyd deur die BMSSK komitee bepaal sal betaalbaar wees. Skuts kan soveel keer as wat hulle goed dink of tyd en of ammunisie toelaat inskryf.

### 4. Pryse

Die skuts sal in die rangvolgorde wat deur hul telling bepaal is die geleentheid hê om 'n prys van sy/haar keuse uit die beskikbare pryse te kies.

## 5. Klasse

### a. Windgeweer

Kinders word uitgenooi om met breeknek windgewere aan die klas deel te neem. Die windgewere sal oop visiere – V-visiere hê. Die teiken is ‘n Vark ongeveer die grootte van ‘n SBHG vark op 10m

### b. Kleingeweer

Enige .22 long rifle (randslag) met enige teleskoop kan in hierdie klas gebruik word. Die teiken is ‘n hoender ongeveer die grootte van ‘n SBHG hoender op 25m

### c. Grootkaliber

Enige senterslag geweer met enige teleskoop word in die klas toegelaat. Die teiken is ‘n Kalkoen ongeveer die grootte van ‘n “Field pistol” kalkoen op 100m

### d. Handwapens

Enige handwapens met enige visiere kan in die klas gebruik word. Die teiken is ‘n ram ongeveer die grootte van ‘n “Field pistol” ram op 25m